Hoekom moet ons die boek lees?

Hierdie boek bied geestelike krag en bemoediging. Het jy al ooit gestoei met jouself, met hoe en waar jy inpas en watter waarde jy het? Dalk het jy gevoel jy word nie waardeer nie en jou bydraes het nie enige waarde nie. Soms kon jy al gevoel het om sommer net alles te los (te "quit"). Sagaria kom in 'n stad aan vol mense wat so voel (Jerusalem). Hy praat hulle moed in, bemoedig hulle en gee vir hulle prentjies van 'n nuwe toekoms waarin hulle waarde het. Hierdie moedeloses tel daarna die stukke op en gaan weer aan met dit wat hulle moet doen. Sagaria se woorde kan dieselfde vir ons doen.

Wie het die boek geskryf en wanneer?

Sagaria (sy naam beteken: Jahwe onthou) was 'n profeet en priester. Hy was gebore in ballingskap en keer as jong man terug van Babilon na Jerusalem. Hy tree op in Jerusalem ongeveer 520 v.C.

Aan wie is die boodskap gebring?

Sagaria se boodskap is aan die teruggekeerde volk van God. 'n Volk wat tussen ruïnes 'n nuwe bestaan moet maak. In moeilike omstandighede moet hulle 'n nuwe begin maak en van die profeet (soos van Haggai) leer om God se prioriteite voorop te stel. Daarom moet die herbou van die tempel weer volle aandag kry.

Hoekom het die profeet die boodskap gebring?

God se mense is na 70 jaar van ballingskap weer vry om na hul eie land terug te keer. Kores (koning van Babilon) het toestemming gegee dat hulle kan terugkeer en die tempel herbou. Heelwat mense kies om te bly, maar diegene wat terugkeer doen dit met groot entoesiasme. Baie gou kom daar struikelblokke in hul pad en word hulle ontmoedig. Sagaria het hulle nie net gemotiveer om klaar te maak waarmee hulle begin het nie, maar gee aan hulle 'n visie, 'n prentjie van God se doel agter die herstel van die tempel. Die tempel word 'n teken van iets groters as offers en godsdienstige rituele.

Wees op die uitkyk vir:

Let op na die kort geskiedenis les wat Sagaria gee. Dit wys hoe God in mense se lewens gewerk het, selfs al het hulle dit nie besef nie. Kyk ook na Sagaria se insig in wat God bedoel om te doen en hoe hy die Jode daarvoor wil gebruik. Hoewel baie van die woorde en beelde moeilik verklaarbaar is, wees op die uitkyk hoe vol dit is van voorspellings van die komende Messias.